

24 September

Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21

Fokusgedeelte: Johannes 10:11

Die goeie Herder

Die liefde van ons Here Jesus Christus vir sondears kan nie volledig deur menslike woorde beskryf word nie. Baie mense maak van sy lyding 'n emosionele verhoogstuk waardeur verkondig word dat Hy vir ons die moontlikheid tot redding verwerf het. Maar dat Hy werklik in ons plek kom sterf het en ons inderdaad deur sy bloed kom salig maak het, kan nie afgebeeld word nie. Dit kan net geglo word.

Watter boer of herder sal so ver gaan om sy lewe vir sy skape te gee, al is hulle baie werd? Dit doen net Jesus, die goeie Herder, eerstens vir die Joodse uitverkorenes, maar ook vir sy ander skape onder die heidene (vs 16).

Hierin is Hy anders as die Fariseërs. Hulle is rowers en huurlinge wat niks vir die skape omgee nie. Hoe sleg het hulle nie die blindgeborene behandel nie. Hulle het hom, toe hy Jesus se werk as komende van God bely het, uitgeskel en hom uitgeban. Jesus en sy skape was toe nie meer welkom in die sinagoge nie.

Ook vandag is Hy ons Herder, want Hy het nie net sy lewe gegee nie, maar dit ook weer opgeneem en die dood oorwin. Sy skape ken sy stem en volg Hom. Hy sal hulle die ewige lewe in oorvloed gee en niks kan hulle uit sy hand ruk nie.

Jy sal weet of jy ook deel van sy kudde is. Dien jy Hom waarlik met dankbaarheid?

Sing: Psalm 23:1, 2

Ds J Venter (Emeritus)